### *Die wese van Elohim en die dien van Elohim*

**18** "As die mens sterf, word die siel uit die liggaam geneem. Die siel kom dan as `n selfstandig geestelike mens op `n **plek wat ooreenkom met sy innerlike gesteldheid.** Op hierdie plek kan slegs die vrye wil en die liefde hom help. Is die wil en die liefde goed, dan sal die plek ook goed wees, die siel moet haarself gereedmaak met die krag en mag wat Elohim haar gegee het. Is die wil en die liefde egter sleg, dan sal haar werk ook sleg wees - net soos wat op die aarde `n slegte boom geen goeie en `n goeie boom geen slegte vrugte kan gee nie. Gaan en versier `n doringstruik met goud en edelstene, en kyk of julle daarvan sal kan druiwe oes! Of julle egter die druif met goud versier al dan nie, dit sal julle tog soet en lekker vrugte gee.

[2] As dit nou so is en nie anders nie, vra julle dan eers af watter nut die siele van die gestorwenes sal of kan hê deur die witkalking van grafte, waarin slegs verweerde gebeentes en stinkende vieslikheid lê!

[3] Glo julle dan werklik dat Elohim so swaksinnig en dwaas is dat Hy Hom sou laat dien deur die dom en waardelose stoflike gepronk van die materie?!

[4] Ek sê vir julle: Elohim is `n Gees, en hy wat Hom wil dien, moet Hom **in die gees en in die volle, lewende waarheid van sy hart dien**, maar nie in die materie met die materie nie. Want die materie is niks anders nie as die wil van die Almagtige Vader wat vir `n bepaalde tyd vaste vorm aangeneem het!

[5] Wat sou u aan `n mens sê wat by u kom en loon verlang omdat hy u gewas verniel het en daarby nog beweer dat hy u daarmee `n goeie diens bewys het?! - Wel, wat julle aan so `n brutale gek sou sê, dit sal die Vader eenmaal in die hiernamaals aan julle sê, en julle sal van Hom moet wyk en ook nog na die buitenste duisternis uitgestoot word, waar `n geween en `n gekners van tande julle loon sal wees!

[6] As bewys van julle sorg vir die weduwees, geld eerste My moeder Mirjam, van wie u alles ontneem het, en vervolgens duisende ander wat julle eenders behandel het en nog so behandel!

[7] Skrei dit nie ten hemele nie dat Judese vroue hul reg by die heidene moet soek en dan ook vind nie? Moet dit nie baie komies vir die satan wees dat sy kinders nou Elohim se kinders by verre in reg en geregtigheid oortref nie? Ja, van nou af aan sal die wêreldse kinders óók Elohim se kinders word; daarom sal julle kinders van hom sê dat hulle hom altyd getrou gedien het!

[8] Het julle dan, noudat julle in JeshaJaH lees, nog nie die plek gevind waar hy sê:

[9] *'Ek het `n welgevalle aan barmhartigheid en nie aan brandoffers nie!'* en ook: *'Hierdie volk eer my met die lippe; maar hul hart is ver weg van My*!'

[10] As julle sê: 'Dit het Elohim deur die mond van die profete gesê!', hoeveel agting het julle dan vir Hom as julle altyd jul skandelike voorskrifte voorkeur gee bo die gebod van Elohim, en julle voorskrifte slegs vir wêreldse voordeel toepas, maar die goddelike met die voete vertrap?! - O slegte, en steeds maar dienende knegte van die duiwel! Hoe hoop julle om eenmaal die oordeel van Elohim te ontvlug?! Werklik, dit sal met die Sodomiete beter gaan as met julle! Want as daar in dié tyd sulke tekens plaasgevind het soos wat alreeds by julle plaasgevind het, dan sou hulle in sakke boete gedoen het, en Elohim sou hulle nie met vuur en swael uit die hemel tereggestel het nie! - Wee julle, die tyd is naby dat dit met julle sal gaan soos wat Ek voorspel het!"

### *Onbeskaamdheid en verwarring by die fariseërs*

**19** Toe staan die **oudstes, fariseërs en skrifgeleerdes** baie vererg op en sê: "Melkmuil, hoe kan Jy Jou aanmatig om met ons te redetwis? - Watter tekens het dan hier plaasgevind?"

[2] **Ek** sê, terwyl Ek Sarah, wat al hierdie skool- en skrifgeleerdes baie goed ken, voor hulle neus hou: "Ken julle dié meisie, en weet julle wat vir die tweede maal met haar gebeur het?"

[3] Toe maak **hulle** almal groot oë vir mekaar en sê saggies onder mekaar: "Liewe hemel, dit is die dogter van die owerste, soos wat sy daar uitgesien het soos toe sy geleef het! Het hy haar dan wéér opgewek? Hoe het dit gebeur? Maar as Hy haar opgewek het, en nou terwyl sy vir die tweede maal werklik dood was - wat staan ons dan nou te doen? Jaïrus blyk aan Sy kant te wees, anders sou hy sekerlik nie sy geliefde dogter aan Hom toevertrou het nie! Of sou hy ook niks daarvan af weet nie?! Het die seun van Josef haar in die geheim opgewek en wil hy haar by hierdie of met `n ander geleentheid weer aan Jaïrus teruggee? Moet ons nie vir Jaïrus daaroor inlig nie? Hierdie saak is te opvallend! – Dit is Hy, sonder enige twyfel is dit Hy! En tog was ons almal teenwoordig by haar begrafnis, net soos in Kapernaum toe sy gesterf het! Wat kan ons nou doen? Wat gaan gebeur as hierdie mens-Elohim deur `n kuns of mag ook sulke ongehoorde dinge kan doen?" - Toe swyg hulle.

[4] Maar **Ek** sê, terwyl Ek hulle almal skerp aankyk: "Wel, wat sê julle slegte harte nou? Is die teken

voldoende om die waarheid te bevestig wat Ek met julle gepraat het?"

[5] **Die oudstes** sê: "Ons is geen artse of aptekers wat die kragte van die natuur ondersoek om dit in ons kunste te gebruik nie; net so min is ons vertroud met die toorkuns wat `n mens by die duiwel kan leer; want dit sou die grootste sonde teen Elohim wees, en daarom weet ons nie deur watter kuns of mag Jy haar opgewek het nie! Dit staan daarom vas dat ons onsself nie deur dergelike tekens op `n dwaalspoor sal laat bring wat betref ons geloof in Moses en die profete nie, of oor die uitlegging van die Skrif, wat deur die tempel by die hemel gesweer en deur `n eed bekragtig is nie! Tekens word nou deur verskeie towenaars gedoen, waarvan `n deel uit die Môreland (ooste) hierheen kom en waarvan baie ook uit Egipte kom; almal doen hulle wonderlike dinge, wat geen Judeër verstaan en ook nie wil verstaan of mag verstaan nie, omdat al hierdie toweragtige dinge duiwels is! En dit beteken vir elkeen van ons dat Jou tekens, omdat hulle ook verwant aan towery kan wees, vir ons geen waarde het nie, en dat dit ons slegs maar wys dat Jy weet hoe om dit met sukses uit te voer, en dat Jy dus `n groot meester daarin is. **Maar dat ons vanweë Jou tekens ook Jou leer, wat ons walglik vind, moet aanneem, daaraan dink ons nie eers nie!** Want `n dokter is vir ons nog lank nie `n priester nie, en nog minder `n profeet - en dit is Jy nog nie glad nie, want ons ken Jou tog al vir byna dertig jaar, net soos wat ons Jou vader geken het! Sorg dus maar dat jy en jou leeglopers gou uit die skool verdwyn, want anders sal ons geweld moet gebruik!"

[6] Toe sê **Sarah**: "Meester; ek smeek U, gaan weg van hierdie ellendelinge af! Want hulle is meer verstok as klippe, swarter as die nag en liefdeloser as `n afgrond! Tweemaal het U my my lewe teruggegee, en vir hierdie ellendelinge is dit niks nie! Daarby beskou hulle dit as godslasterlike towery en waag hulle dit in hul groot verblindheid om U selfs by die skool uit te jaag! Meester, dit is te veel! Laat ons gaan, laat ons gaan! Dit voel vir my in die teenwoordigheid van hierdie ellendelinge asof die satan by ons staan!"

[7] **Ek** sê: "My allerliefste Sarah! Wees jy nou maar rustig! Solank Ek dit wil, sal ons hier bly; want Ek is ‘n Meester! Hoewel die magtiges van die aarde hulle ‘meester’ noem, het hulle dikwels baie min mag; maar Ek het alle mag oor hemel, hel en oor die ganse aarde! Daarom is Ek ook sonder twyfel `n Meester en laat My nooit in iets gebied nie! Wat Ek doen, doen Ek in alle vryheid; want Ek is geheel en al `n gebieder!"

[8] Toe **die oudstes** dit hoor, skeur hulle hul gewade en skreeu: "Weg met Jou! Want nou het ons baie duidelik gehoor dat Jy `n godslasteraar is! Jy doen jou werk met behulp van Beëlsebul en Jy wil daardeur en daarvoor die volke van Moses en van Elohim vervreem; daar bly by ons daarom niks anders oor as dat Jy met klippe uit die wêreld gehelp moet word nie!"